Publication: Huisgenoot
Date: Thursday, March 25, 2021
Page: 23





HOOFFOTO: Patricia de Lille rou nog oor die dood van haar man, Edwin de Lille. Hy is in Februarie ná 'n lang siekte oorlede. BO: Saam met Edwin, hul seun, Alistair, en haar ma, Gertrude Lindt.

maande lank die dokter se somber voorspellings verkeerd bewys het, het Eddie se toestand versleg. En dié keer het sy net intuïtief geweet die einde is naby.

"Hy het vir my gekyk, en ek het nog nooit sy oë so groot gesien nie – dit het amper soos glas gelyk," onthou sy.

Toe glimlag hy vir haar en maak sy oë toe. Toe die paramedici opdaag, was dit reeds te laat.

DIE afgelope paar weke het vir Patricia in 'n waas verbygegaan – die begrafnis, oproepe van haar vier susters en Carmen Lindt (52), haar dogter uit 'n vorige verhouding wat in George woon, besoeke van familie, vriende wat inloer met kos . . .

"Ek het Saterdag gekook; ek dink dit was die eerste keer in hierdie tyd dat ek gekook het. Want ek is nou alleen," sê sy, en haar stem sterf weg.

Byna 50 jaar lank was Eddie haar rots – die stil, beskeie man wat doodgelukkig was om op die agtergrond te bly.

"Hy het my werklik ondersteun," sê sy. "Was dit nie vir hom nie, sou ek nie kon bereik wat ek bereik het nie."

Sy het Eddie destyds op 'n aandjie uit in Bellville, Kaapstad, ontmoet. "Ek was altyd lief vir dans, en gemeenskaplike vriende het my aan hom voorgestel."

Al was hy stil en rustig – die teenoorgestelde van haar – het hulle gekliek, en teen die einde van 1972 is hulle getroud.

'n Paar jaar later het Patricia, toe 'n laboratoriumassistent by 'n verffabriek, as vakbondverteenwoordiger by die Suid-Afrikaanse Chemiese Werkersunie betrokke geraak. Dit was die begin van 'n politieke loopbaan waarin sy burgemeester van Kaapstad was en twee keer haar eie politieke party gestig het.

Sy het graag haar man as klankbord vir haar idees gebruik.

"Ek het meer 'n sosiaal-demokratiese siening, terwyl hy 'n bietjie meer konserwatief was. Ek het hom soms probeer ontstel omdat ek sy mening wou hoor."

Maar Eddie het die politiek verpes en was nie lus om gesellighede saam met haar by te woon nie. Sy onthou 'n keer jare gelede toe sy hom saamgeneem het na die parlementsopening.

"Ná die staatsrede het hy na my gekom en gesê: 'Waar is die karsleutels? Ek gaan huis toe. Ek kan dit nie verduur nie.'"

Tog het hy haar loopbaan met 'n lewendige belangstelling gevolg.

"Hy het elke middag die koerant gekoop. Soms was daar iets oor my op die voorblad, en wanneer ek by die huis kom, vra hy: 'Watse nonsens is dit?' Dan sê ek: 'Bedaar, ek het alles onder beheer.'"

Patricia is dankbaar dat hy bereid was om haar die ruimte te gun om te doen wat sy so graag wou doen.

"Ek het altyd gesê: 'As jy vir my gaan wag, gaan jy sterf van die honger.' En ek was baie gelukkig, want hy het die huishouding oorgeneem," vertel sy.

Wanneer sy saans laat tuisgekom het, het daar altyd 'n bord kos op haar gewag. Eddie het dit geniet om kerrie en pastas te maak. Maar hy het dit veral geniet om na sy vrou om te sien. Al wat hom soms gehinder het, was die lang ure wat haar werk haar van die huis af weggehou het. "Dan vra hy: 'Hoekom werk jy so hard? Is daar nie mense wat jou kan help nie?'"

Eddie se swak gesondheid het die afgelope jaar meegebring dat sy haar werk 'n bietjie moes opsyskuif.

Sy put nou vreugde uit die klein dingetjies, soos om 'n kruietuin aan te plant, te gaan stap en die voëls in haar tuin te voer – nes haar man altyd gedoen het. Sy is 'n kranige gholfspeler en sien ook daarna uit om weer die gholfbaan aan te durf.

Wanneer sy in die verlede oor haar aftreeplanne gepols is, het sy dit weggelag. Maar met dié dat sy onlangs 70 geword het, het sy die eerste stap gedoen en 'n boek oor aftredebeplanning gekoop.

Noudat Eddie nie meer daar is om saam met haar die goue jare te geniet nie, is die gedagte aan soveel vrye tyd ietwat oorweldigend vir haar.

Die nagte sonder hom is vir haar die moeilikste. "Ek staan nog soms op om te gaan kyk wat hy maak," vertel sy. "En wanneer ek in die bed lê, kan ek steeds sy asemhaling hoor. Dis so vreemd."

Maar sy glo sy moet nou meer as ooit sterk wees. Want dit is wat haar man sou wou gehad het. "Ek moet net hierdie las dra. Eddie sou nie wou gehad het ek moet morbied en hartseer wees nie." ■



Patricia agter die lessenaar in haar tuiskantoor, waar sy die afgelope jaar al werk as gevolg van die inperking.

VERSKAF

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.